*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie statige dubbelverdiepinghuis is in 1876 deur die immigrant Heinrich Wilhelm Becker opgerig. Hy was ook burgemeester van Ladismith vir 'n onafgebroke tydperk van 32 jaar. 10/2/637.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 393 9 Maart 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE HISTORIESE WAGHUIS TE BARBERTON

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese gebou bekend as die Waghuis, geleë op die hoek van Lee- en Judgestraat, Barberton, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Waghuis, geleë op onverdeelde dorpsgronde op die hoek van Lee- en Judgestraat in Barberton, Transvaal.

Kroongrondbrief 149/1915, gedateer 7 Mei 1915.

*Historiese en argitektoniese belang*

Dié hout-en-sink-waghuis is gedurende 1901 opgerig as verdediging vir die konsentrasiekamp, die kamphospitaal en die dorp gedurende die Anglo-Boereoorlog. Dit is waarskynlik die enigste oorblywende blokhuis van sy soort. 10/2/638.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 394 9 Maart 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE HISTORIESE VOORTREKKERHUIS TE BOOMSTRAAT 333, PIETERMARITZBURG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese Voortrekkerhuis daarop, te Boomstraat 333, Pietermaritzburg, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese Voortrekkerhuis daarop, synde die restant van Onderverdeling 2 van D van Boomstraat 333, geleë in Pietermaritzburg, Natal, en groot driehonderd drie-en-tagtig (383) vierkante meter.

Transportakte 9014/1975, gedateer 18 Junie 1975.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie dubbelverdiepinggebou is waarskynlik in 1846 deur die Voortrekker Petrus Gerhardus Pretorius opgerig. Die gebou is 'n goeie voorbeeld van Voortrekker-argitektuur en is die oudste gebou in Pietermaritzburg. 10/2/626.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

*Historical and architectural interest*

This stately double-storeyed house was erected by the immigrant Heinrich Wilhelm Becker in 1876. He was Mayor of Ladismith for an unbroken period of 32 years. 10/2/637.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

---

No. 393 9 March 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE HISTORIC GUARD HOUSE AT BARBERTON

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the historic building known as the Guard House, situated on the corner of Lee and Judge Streets, Barberton, to be a national monument.

*Description*

The historic Guard house, situate on undivided townlands on the corner of Lee and Judge Streets in Barberton, Transvaal.

Crown Grant 149/1915, dated 7 May 1915.

*Historical and architectural interest*

This wood and corrugated iron guard house was erected during 1901 to protect the concentration camp, the camp hospital and the town during the Anglo-Boer War. It is probably the only surviving blockhouse of its kind. 10/2/638.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

---

No. 394 9 March 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE HISTORIC VOORTREKKER HOUSE AT 333 BOOM STREET, PIETERMARITZBURG

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic Voortrekker House thereon, at 333 Boom Street, Pietermaritzburg, to be a national monument.

*Description*

The property with the historic Voortrekker House thereon, being the remainder of subdivision 2 of D of 333 Boom Street, situate in Pietermaritzburg, Natal, and measuring three hundred and eighty-three (383) square metres.

Deed of Transfer 9014/1975, dated 18 June 1975.

*Historical and architectural interest*

This double-storeyed building was probably erected in 1846 by the Voortrekker Petrus Gerhardus Pretorius. The building is a good example of Voortrekker architecture and is the oldest building in Pietermaritzburg. 10/2/626.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.